Klein Nederburg Sekondêre Skool

TIGTINGSDATUM: 1977
EUSE: EX EDUCATIONE
RUCTUS
ONDERWYS DRA VRUGTE)
DRES: KLEIN NEDERBUG
YLAAN, PAARL

FNB

Skoolgeskiedenis

Die beroemde wynlandgoed Nederburg is in Noorder-Paarl tussen Paarlberg en die Hawequaberge geleë. Nederburg is genoem na 'n kommisaris van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, Sebastiaan Cornelis Nederburgh. Daar is lank geglo dat Nederburg op 1 November 1792 persoonlik aan sy eerste eienaar, Philippus Bernardus Wolfaart, geskenk is deur Nederburgh wat op besoek was. Dit klink na 'n goeie storie, maar navorsing het getoon dat die datum verkeerd is en dat die skenking 'n mite is. Ingevolge die oorspronlike transportakte word eienaarskap van die plaas Nederburg aan Philippus Bernardus Wolfaart toegestaan. Die datum op die akte is 1 November 1791 en dit dra die handtekening van die Waarnemende Goewerneur van die Kaap, Johannes Isaac Rhehius.

Die plaas kon dus dalk 'n ander naam gehad het – en so ook die skool.

Die skool is in 1977 gestig met mnr. E Sampson as eerste hoof. Daar is van meet af aan op skoolprestasie klem gelê. Gevolglik was die matriekuitslae deurentyd buitengewoon goed. Dis 'n gemengde skool met 1430 leerders en 50 personeellede.

Die skool bied 'n verskeidenheid sportsoorte aan: rugby, netbal, krieket, sokker, tennis, swem, gholf, bofbal en veerpyltjies.

Klein Nederburg Rugby

Soos by alle Paarlse skole is rugby belangrik. Die skool speel in die Boland-liga. In 2004 het die losskakel Burton Francis en die agsteman Redowhan Anderson vir die Boland-akademiespan gespeel.

Teenstanders sluit die volgende Paarlse skole in: Paul Joubert, Charleston Hill, Noorder-Paarl en bowenal, New Orleans. Klein Nederburg en New Orleans speel reeds sedert 1984 teen mekaar, maar sedert 1997 in die vorm van interskole. Klein Nederburg kon New Orleans nog net twee keer onderkry; in 1997 en 2002.



Bekende rugbyspeler

Die skool se beroemdste oudleerling is die Springbok Chester Williams, wat in 27 toetse en 47 wedstryde vir Suid-Afrika gespeel het. Hy het 14 toetsdrieë gedruk, met inbegrip van vier in 'n toetswedstryd teen Wes-Samoa – 'n destydse rekord. Williams het van tot 1993 tot 2000 gespeel, insluitend die Wêreldbekerfinaal van 1995. Daarna het hy die Springbok-Sewespan en die Cats in die Super 12 afgerig.
Die skool hou 'n jaarlikse Chester Williams Sewesrugbydag.

Ander bekendes is Eugene Francis, die Springbok sewesspeler, en Jearus Nicolas.